WellingtonINFO - 2014.02.10

1. **Huisbrake**

Daar was die afgelope tyd verskeie gevalle van huisbrake in Wellington en die Polisie het inwoners versoek om spesifiek bedag te wees op verdagte persone in hulle omgewing. In een geval het twee netjies geklede verdagte swart mans, met ‘n ouerige model BMW by ‘n woonstel kompleks se hekke opgedaag en versoek om die kompleks binne te gaan met die verskoning dat hulle opsoek is na ‘n spesifieke persoon (e). Dit sou later aan die lig kom dat hulle gepoog het om by van die woonstelle in te breek maar is gearresteer toe hulle by ‘n perseel langs die woonstel kompleks ook wou inbreek.

Moet asb. nie huiwer om die Polisie te skakel in alle gevalle waar u verdagte voertuie of mense in u omgewing opmerk nie. Kontaknommers kan op die webtuiste gevind word by:
http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/gemeenskapsprojekte/kontak-besonderhede/

…….

2. **Verdagte persoon wat vermoedelik by voertuie wil inbreek**: Dit gebeur deesdae baie dat kriminele die elektroniese sluitstelsel van motors in parkeerterreine (en ander plekke) blokkeer wanneer die eienaar daarvan ‘n afstandbeheerde toestel gebruik om dit te sluit. Maak dus ten alle tye seker dat jou voertuig wel gesluit is, voor jy daarvan wegstap. Dit is n goeie gewoonte om maar altyd aan die deur te voel of dit wel gesluit is.

“Vanoggend moes ek teen wil en dank na my posbus en het stilgehou aan Kentucky se kant. Aan my regterkant trek toe ‘n ou verslete en verbleikte rooi motor met ‘n dakrak op. Toe ek loop en sluit op pad na die trappies, hoor ek my motor sluit oop en hou my pose, maar draai toe vinnig om, voor die trappies en stap terug na my motor in die 2e ry asof ek iets vergeet het. Toe ek aangestap kom, gaan my liggies toe skielik aan en my motor sluit terwyl die jongeheer met sy selfoon in die hand sit. My voorgevoel was dus reg en my motor is gelyktydig met my aksie van toesluit, oopgesluit en toe hy sien ek kom, weer toegesluit. Ek kon hom nie konfronteer nie uit die aard van die saak, maar loop toe direk na AC se sekuriteitsman en rapporteer wat gebeur het met die hoop hy sou sy reg. nommer neem vir latere gebruik as hy weer sy opwagting sou maak, maar toe nie. My eie fout om dit nie te gedoen het nie, maar nou-ja. Wees dus asb op die uitkyk vir ‘n jong bruin man en ‘n ou, rooi motor met ‘n drarak want hy is daar vir een doel.”
……

3. Die volgende Polisiebeamptes maak ‘n groot verskil in hul gemeenskap en hierdie geval is ‘n sprekende voorbeeld hoe daar opgetree moet word wanneer verdagte persone in jou omgewing opgemerk word.

“Ek het ‘n pluimpie vir ons dorp se Polisiebeamptes, by name: **Konst. Swiegelaar, Sers. Jacobs & Konst. Adams.**

Vanaf ongeveer 11:00 gisteroggend het 3 mans hulself tuisgemaak onder die boom voor ons huis se inrit in Berg-en-Dalstraat, omdat hulle bakkie wat oorkant die pad op die sypaadjie gestaan het, na bewering onklaar geraak het. Daar het hulle die hele res van die dag verwyl; geslaap, geeët, gemors & kon hulle uiteraard ons huis met al die beweging daarondom, baie goed dophou.
Toe ons na werk by die huis kom, was hulle steeds daar; net oorkant die pad & hierdie keer met “versterkings” besig om die bakkie reg te maak. Daar het nog ‘n voertuig bygekom; albei voertuie met CA registrasienommers & parte het die hele sypaadjie vol gelê

Omdat ek & Francois albei gisteraand afsprake gehad het & weer ons huis alleen sou moes los, het ek omstreeks 19:00 die Polisie se selnommer gebel. Sers Swiegelaar het geantwoord, onderneem om dadelik die lede op patrollie te stuur & terugvoer te gee sodra hulle daar was. Ek moet ter inligting noem dat ek later agtergekom het dat ek die verkeerde Sektor se nommer gebel het & dat Konst. Swiegelaar boonop van diens af was.
Dit was nie 5 minute, toe arriveer Sers. Jacobs & Konst. Adams & die voertuig word verwyder. In minder as ‘n halfuur na my oproep gemaak is, was die polisie daar, die situasie aangespreek & het Konst. Swiegelaar my boonop terug gebel om te rapporteer wat gedoen is.

Dis ‘n veer in die hoed van Wellington Polisie & ek wil hierdie 3 beamptes se flinke optrede graag onder die Stasiebevelvoerder & Wellington Sakekamer se aandag bring om in gedagte gehou te word vir die toekenning van Polisiebeampte van die jaar vir 2014.”

……

4. **Verlore kat:** In die verlede was verskeie verlore diere deur WellingtonINFO se lede opgespoor. Kom ons hoop dat dit ook in hierdie geval sal gebeur.

“Ons dierbare kat Ogies is weg vanaf Vrydagoggend 7 Februarie 2014. Hy het ‘n blou bandjie met klokkie om sy nek. Hy is ‘n ligte gemmer kleur met wit strepe. Ons bly in De Villiersstraat, Wellington. As iemand hom gesien het kontak groot asb vir my. Ons harte is baie seer oor ons geliefde kat. My sel no 0823802513. Dankie. Helen Nieuwoudt”

……

5. **Voetspore in Wellington: 5 Maart 2014: Die Lions maak ‘n groot verskil in ons gemeenskap. Kom ons ondersteun hulle.**

“Johan Badenhorst is sinoniem met VOETSPORE. As jy 'n avontuurlustige 4x4 entoesias is of wat lief is vir die buitelewe met al sy uitdagings dan moet jy 5 Maart 2014 nou dagboek want Wellington Lions bring Johan met sy kenmerkende storievertelstem na Wellington.

'n Onvergeetlike aand word by Hugo Rust se skoolsaal belowe en word verskeie kamp en 4x4 toerusting uitgestal. Johan, die gasspreker, sal sy reisverhale met ons deel en sommer bietjie skouerskuur. Bring jou 4x4 - of kamp vriende saam of hulle wat groot aanhangers van die Voetspore span is en hul avonture deur Afrika op SABC gevolg het.

Die Wellington tak van Lions is ' n Diensorganisasie wat sy gemeenskap op vele terreine dien en om dit te vermag het ons fondse nodig. Kom ondersteun ons en dra direk by tot 'n beter lewe vir diegene wat minder bevoorreg is. Vir navrae kontak Attie Fourie by 0835605745 of stuur ‘n epos na afourie@cybersmart.co.za of kontak enige Wellington Lions lid wat jy ken. Groete Wellington Lions”

Meer inligting kan op die webtuiste gevind word by:

http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/wellingtoninfo/gebeure/

……

6. **Werksgeleentheid:**

“Ons is opsoek na ‘n drywer met 'n kode 10 en PDP. Verkieslik iemand met ten minste 10 jaar ry-ondervinding. In Wellington. Kontak asb. Nico tel: 084 619 5507”

……..

7. **Die Doggy Parlour se nommer het verander:**

“My Doggy Parlour, Rose str 6, Wellington kontak no het verander na: 071 44 22 178. Kan dit asb. saam met die Wellington inligting aan almal gemail word? Baie dankie, Petré”

……

8. **Saamry geleenthede:**

8.1 “Vriende van ons soek iemand om saam te ry vanaf Wellington na Bellville daagliks. Vertrek 06.30 soggens en is terug in Wellington 16.30 middae. Hulle kan Kobus Basson kontak: 0847526766”

8.2 “As jy dalk net met jou volgende epossie ook kan hoor of iemand weet van ‘n rygeleentheid van Somerset Wes/ Stellenbosch na Wellington en terug elke dag. My seun woon nou daar met sy verloofde en ry elke dag trein ‘n Saamryklub sal beslis meer betroubaar en veiliger wees. Baie dankie Laetitia Jacobs”

……